**LIEBERTHAL, KENNETH: GOVERNING CHINA. FROM REVOLUTION THROUGH REFORM.** W.W. Norton, London, 1995. £22.

Die wêreld se oë is vandag op die Chinese Volkspubliek gerig. Gaan sy huidige pragmatiese beleid om kommunisme, sosialisme en 'n vryemarkstelsel naasmekaar te laat probeer bestaan, slaag? Wat gaan gebeur as die onvermydelike einde van sy bejaarde en verswakte leierskap uiteindelik aanbreek?

In hierdie werk bied Liebenthal sowel 'n historiese oorsig as 'n toekomsblik. Sy historiese oorsig is vanweë sy kompaktheid en diepte-visie besonder nuttig. Die lang imperiale nalatenskap van China word met behulp van 'n paar sterk sleutellyne wat getrek word, in perspektief gestel. Die republikeinse era en sy probleme wat tot die burgeroorlog lei vorm die agtergrond vir die bespreking van die vestiging en ontwikkeling van Maoïstiese kommunisme ná 1949.

Die belangrikste deel van die boek is die bespreking van politieke toestande en probleme in die huidige China.

Met die groot rol wat die Ooste toenemend in die wêreld speel, is hierdie werk belangrike leesstof vir 'n begrip van wat die moontlikhede, probleme en konsekwensies van gebeure in China is en kan wees.